

19 Augustus - ONHEIL

Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-16
Fokusgedeelte: Openbaring 22:11 (OAV)

Deur die eeue is daar mense wat hulle medemens onreg aandoen. Hoe nader die einde kom, hoe meer onregdoeners en onreg sal daar wees.

Vandag is dit alombekend hoe onreg tussen werkgewer en werknemers gepleeg word; óf die een word veronreg deur 'n skrale vergoeding óf die ander word veronreg deur diefstal en bedrog. Onreg op die regbank en in die staat het aaklige gevolge.

Dit is die aanduiding van 'n korrupte samelewing. Mens voel soms magteloos teen onreg wat jou aangedoen word.

In die verhoor van Jesus was die onreg deur sy regters juis die dieptepunt van sy lyding. En op Golgota sien ons die totale korruptheid van die wêreld. Ons is maar almal geneig om God en ons naaste te haat, en daarom skuil die onreg ook in ons lewens. Ons skroom ook nie om soms iemand skade aan te doen nie.

Juis daarom het Jesus die onreg gely. Daarmee het Hy vir ons sonde betaal en in ons plek die vernietigende oordeel ondergaan. Hy het ook vir ons uit die dood opgestaan. Daarmee verkondig Hy: Daar is tog 'n God wat op die aarde reg laat geskied. Daar is tog 'n beloning vir die regverdige. Jesus Christus waarborg ons reg en ons lewe.

Dit is die woorde wat ons moet bewaar. Ons moet dit nie geheim hou nie. Hierdie woorde roep sondaars tot geloof en bekering. Hierdie tyd van genade loop egter uit. Die Ewige Regter is op pad. Hy sê: "Kyk, Ek kom gou."

Wie dit ter harte neem, sal vind dat die Heilige Gees hulle krag gee om intussen teen alle onreg te stry en net meer regverdig te leef.

Wie dit nie ter harte neem nie, is reeds veroordeel. Hulle sal volhard in hulle sonde en daardeur ewig ondergaan. Sy onreg sal dus net meer word.

Sing: Psalm 71:1, 3 (1936-beryming)

Ds SA Cilliers (Waterberg)